**5 September 2021**

# FAMILIE TUISBLAD

## Jakobus 2:1-10, 13

Ons lees tans die brief van Jakobus en hy skryf vir ‘n gemeente oor die belangrikheid om mense nie te oordeel nie, maar te aanvaar ongeag verskille. Hulle het mense wat ryker is of meer invloed het, anders behandel. Suid-Afrika is ook ‘n diverse land met baie verskille tussen mense – inkomstegroepe, kulture, tale, rasse, en nog baie ander verskille. Aartsbiskop Desmond Tutu het ons land ‘n reënboogland genoem, omdat die verskille tussen mense juis die land veelkleurig en mooi maak. Ons kan eenheid nastreef ten spyte van verskille. Kom ons gesels hoe ons mense wat anders is as ons, kan behandel in die lig van Jakobus se brief.

**Lees: Jakobus 2:1-10, 13**

**Gesels:**

- Hoe dink jy is mense anders as jy? Wat is jou siening van ander wat op die oog af van jou verskil?
- In watter boksies plaas jy mense? Hoe beoordeel en behandel ons mekaar, veral in Suid-Afrika?
- Watter blindekolle het jy wanneer dit kom by jou houding en gedrag teenoor ander mense?
- Vertel van ‘n geleentheid toe jy ontdek het dat jy iets in gemeen het met iemand wat verskil van jou. Hoe het dit jou houding verander?
- Op watter maniere kan jy barmhartigheid bewys teenoor mense wat anders as jy is in jou skool of dorp?

**Bid:**

Doen sondebelydenis oor die manier waarop jy dalk verkeerd gedink het of opgetree het teenoor sekere mense deur hulle beter of slegter te behandel as ander en vra dat die Here jou sal help om almal deur sy liefde te aanvaar.

**Doen:**

Probeer om in die volgende paar dae te let op die mense wat oor jou pad kom. Kyk of jy aan 3 dinge kan dink wat julle dalk in gemeen het en glimlag vir hulle.

---

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Jak 2:1-10 en 13, die **Liefde Wen reeks,** deur die DinkJeug Familie App af te laai en te gebruik.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za